# GRONDWET

## RYPERD BEOORDELAARSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

**1. NAAM**

Die naam van die Vereniging is die Ryperd Beoordelaarsvereniging van Suid-Afrika (‘die Vereniging’).

**2. DOELSTELLINGS**

Die doelstellings van die Vereniging is:

2.1 Om alle ge-affilieerde genootskappe en verenigings te dien en te bevorder.

2.2 Om te verseker dat die Reels ten opsigte van ander perderasse se genootskappe, soos uiteengesit in klousule 6.1., behoorlik toegepas word by beoordeling van daardie rasse.

2.3 Om beoordelaars te bemagtig om ’n hoë standaard van beoordeling te bereik en te handhaaf.

2.4 Om skouverenigings aan te moedig om die Vereniging se beoordelaars as beoordelaars by hulle skoue te gebruik.

2.5 Om die goeie naam en integriteit van die Vereniging uit te bou.

2.6 Om alles wat deur hierdie Grondwet gemagtig word, te doen ten einde die doelstellings van die Vereniging te bevorder.

**3. LIDMAATSKAP**

3.1 KWALIFIKASIE VIR LIDMAATSKAP

3.1.1 Lidmaatskap is beperk tot natuurlike persone.

3.1.2 Persone wat die Vereniging se voorgeskrewe eksamens suksesvol afgelê het, kwalifiseer vir lidmaatskap as kandidaat beoordelaars ooreenkomstig klousule 4.3.

3.1.3 Na bevordering word hierdie lede junior en senior beoordelaars en is dan as sulks ook lede.

3.1.4 Persone wat reeds junior en senior beoordelaars is.

3.2 VOORWAARDES EN VOORDELE VAN LIDMAATSKAP

Persone wat as lede toegelaat is:

3.2.1 Sal aan die bepalings van hierdie Grondwet en enige reëls en regulasies wat kragtens die Grondwet gemaak is, gebonde wees.

3.2.2 Sal verplig wees om ledegeld, soos dit van tyd tot tyd vasgestel word, te betaal.

3.2.3 Mag Algemene Jaarvergaderings van die Vereniging bywoon, stemreg geniet en voorstelle vir oorweging deur ’n Algemene Jaarvergadering voorlê op die voorgeskrewe wyse.

3.2.4 Mag beoordeel op skoue as `n geakkrediteerde beoordelaar.

3.3 BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap word onder die volgende omstandighede beëindig:

3.3.1 Deur bedanking, met drie maande skriftelike kennisgewing aan die Sekretaris, met dien verstande dat die lid se ledegeld vir die betrokke jaar opbetaald moet wees.

3.3.2 Opskorting van lidmaatskap ooreenkomstig klousule 3.4.3, of skorsing ooreenkomstig par.3.4.4. Deur die skorsing van ’n lid ingevolge klousule 6.4.8.

3.3.3 Enige persoon wie se lidmaatskap beëindig is, mag weer lid word indien hy voldoen aan die vereistes. Indien sy lidmaatskap beëindig was weens skorsing, mag sodanige persoon op aansoek weer as lid toegelaat word, onderhewig aan sodanige voorwaardesas wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd regtens mag bepaal.

3.4 LEDEGELDE

3.4.1 Die jaarlikse ledegelde sal deur die Algemene Jaarvergadering vasgestel word.

3.4.2 Ledegelde is betaalbaar binne 30 dae na kennisgewing.

3.4.3 Indien ‘n lid se rekening onbetaald bly vir 90 dae na afsending, mag sy lidmaatskap opgeskort word tot betaling en sal hy nie geregtig wees op enige voordele nie.

3.4.4 ‘n Lid wat nie binne ‘n bepaalde boekjaar sy ledegelde betaal nie, mag outomaties geskors word. Sy lidmaatskap is slegs hernubaar op aansoek aan die Uitvoerende Komitee ooreenkomstig par.3.3.3 teen die betaling van die agterstallige ledegeld, lopende ledegeld en enige boete vir laat betaling wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal mag word.

## 4. KLASSIFIKASIE VAN BEOORDELAARS

4.1 SENIOR BEOORDELAARS

4.1.1 Senior beoordelaars is lede wat bevorder is, en voldoen het aan AL die vereistes soos uiteengesit in die Uitvoerende Komitee se **BEVORDERINGS KRITERIA** rakende SENIOR BEOORDELAARS.

4.1.2 Die kriteria kan deur die Uitvoerende Komitee hersien en aangepas word om kwaliteitbeheer te veseker, te verbeter en te bestuur.

4.1.3 Senior beoordelaars mag `n streekskou alleen beoordeel.

4.1.4 Slegs `n senior beoordelaar mag enige Nasionale Kampioenskappe beoordeel en Nasionale en Internasionale Ruiterkunskompetisies beoordeel.

4.2 JUNIOR BEOORDELAARS

4.2.1 Junior beoordelaars is lede wat bevorder is, en voldoen het aan AL die vereistes soos uiteengesit in die Uitvoerende Komitee se **BEVORDERINGS KRITERIA** rakende JUNIOR BEOORDELAARS.

4.2.2 Die kriteria kan deur die Uitvoerende komitee hersien en aangepas word om kwaliteitbeheer te veseker, te verbeter en te bestuur.

4.2.3 Een of twee junior beoordelaars mag saam met `n senior beoordelaar `n streekskou beoordeel.

4.3 KANDIDAAT BEOORDELAARS

4.3.1 Kandidaat beoordelaars is persone wat bevorder is, en voldoen het aan AL die vereistes soos uiteengesit in die Uitvoerende Komitee se **BEVORDERINGS KRITERIA** rakende KANDIDAAT BEOORDELAARS.

4.3.2 Die kriteria kan deur die Uitvoerende komitee hersien en aangepas word om kwaliteitbeheer te veseker, te verbeter en te bestuur.

4.3.3 Hierdie persone is nog nie geregtig om enige skoue te beoordeel nie.

4.4 GAS BEOORDELAARS

Beoordelaars van ander lande wat uitgenooi word om te beoordeel. Die persone geniet nie stemreg nie, is nie onderworpe daaraan om ledegelde te betaal nie, maar is gebonde aan die Grondwet, Reels en Regulasies van hierdie vereniging.

## 5 VOORREGTE VAN BEOORDELAARS

### 5.1 SENIOR BEOORDELAARS

Senior beoordelaars mag Algemene Jaarvergaderings en spesiale vergaderings van die Vereniging bywoon, mag hulle stemreg uitoefen en mag tot die Uitvoerende Komitee verkies word.

### 5.2 JUNIOR BEOORDELAARS

Junior beoordelaars mag Algemene Jaarvergaderings en spesiale vergaderings van die Vereniging bywoon en mag hulle stemreg uitoefen, en mag gekoöpteer word tot die Uitvoerende Komitee.

### 5.3 KANDIDAAT BEOORDELAARS

Kandidaat beoordelaars mag Algemene Jaarvergaderings en spesiale vergaderings van die Vereniging bywoon en deelneem aan debatte, maar sal nie stemreg hê nie.

## 6 DIE UITVOERENDE KOMITEE

### 6.1 SAMESTELLING

6.1.1 Die Uitvoerende Komitee bestaan uit:

- (a) Voorsitter
- (b) Vise-Voorsitter
- (c) Sekretaris/esse
- (d) Vier addisionele lede

6.1.2 Die Voorsitter en Vise – Voorsitter moet Senior Beoordelaars wees.

6.1.3 Benewens die ampsdraers hierbo sal daar een addisionele lid van die Saalperdgenootskap, asook een verteenwoordiger van elk van die SA Hackney Telersvereniging, SA Hackney Ponietelersvereniging, SA Boerperdtelersvereniging, Kaapse Boerperdtelersvereniging, SA Friesperd Genootskap, Miniatuurperdtelersgenootskap, SA Beamptes vereniging, Professionele Afrigters Vereniging, en Saddle Seat South Africa (SSSA) wees, welke lede slegs 'n stem het oor sake wat hulle Vereniging raak. Sodanige addisionele lede sal die fooie vir affiliasie soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal word betaal.

6.2 VERKIESING, AMPSTERMYN EN VOORWAARDES

6.2.1 Die ampsdraers in paragraaf 6.1.1 word jaarliks deur die Algemene Jaarvergadering verkies.

6.2.2 Die ampstermyn van die ampsdraers sal wees vanaf die afsluiting van die Algemene Jaarvergadering waartydens hulle verkies is tot en met die afsluiting van die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering.

6.2.3 Die ampsdraers mag hulle vir herverkiesing beskikbaar stel.

6.2.4 Indien ’n ampsdraer bedank of indien sy/haar lidmaatskap beëindig sou word, mag die Uitvoerende Komitee ’n ander Beoordelaar wat kwalifiseer vir die amp, koöpteer om die amp tot die volgende Algemene Jaarvergadering te vul.

6.3 VERGADERINGS

6.3.1 Die datum, tyd en plek van vergaderings van die Uitvoerende Komitee word deur die ampsdraers onderling gereël, met dien verstande dat ’n meerderheid van die ampsdraers die Voorsitter kan versoek om ’n spesiale vergadering van die Uitvoerende Komitee te belê.

6.3.2 ’n Kworum vir vergaderings van die Uitvoerende Komitee sal vier lede wees.

6.3.3 Die Voorsitter sal vergaderings van die Uitvoerende Komitee lei in daardie hoedanigheid, met dien verstande dat, indien die Voorsitter afwesig is, die lede teenwoordig uit eie geledere ’n Voorsitter vir die spesifieke vergadering moet kies.

6.3.4 Besluitneming sal by wyse van ’n gewone meerderheid wees, met dien verstande dat die Voorsitter van die vergadering ’n tweede beslissende stem sal hê by ’n staking van stemme.

6.3.5 Notules van vergaderings van die Uitvoerende Komitee moet gehou word.

6.4 MAGTE EN PLIGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

Onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet, en verder onderhewig aan enige beperkings wat ’n Algemene Jaarvergadering mag oplê, het die Uitvoerende Komitee die mag om die sake van die Vereniging in hulle diskresie te bestuur. Hierbenewens het die Uitvoerende Komitee die volgende spesifieke pligte:

6.4.1 ADMINISTRASIE VAN LIDMAATSKAP

Die Uitvoerende Komitee:

(a) Bepaal die geldigheid van persone se lidmaatskap aan die hand van die Grondwet se vereistes.

(b) Oorweeg aansoeke om lidmaatkap van voorheen geskorste lede en keur aansoeke goed- of af.

(c) Bepaal die kwalifikasie van lede aan die hand van die Evaluerings Kriteria ooreenkomstig klousule 4.

(d) Stel aansoekers om lidmaatskap skriftelik in kennis van die uitslag van hulle aansoek.

6.4.2 LIDMAATSKAPREKORD

Die Uitvoerende Komitee is verantwoordelik vir die daarstelling en byhou van 'n ledelys. Die inligting wat in die ledelys vervat moet word, word van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal.

6.4.3 LEDEGELD

Ledegeld moet jaarliks deur die Uitvoerende Komitee ingevorder word op die datums soos bepaal in klousule 3.4.

6.4.4 BEMAGTIGING VAN VOORNEMENDE BEOORDELAARS

Die Uitvoerende Komitee moet:

6.4.4.1 Eksamens vir voornemende beoordelaars reël sodat hulle hulself ingevolge die voorwaardes en reëls in hierdie verband as beoordelaars kan kwalifiseer.

6.4.4.2 Lesings en demonstrasies aanbied om voornemende beoordelaars vir die eksamens in 6.4.4.1 voor te berei.

6.4.5 KOÖRDINASIE VAN DIE VERENIGING SE BETROKKENHEID BY SKOUE

Die Uitvoerende Komitee beheer en koördineer die werksaamhede van lede en Beoordelaars by skoue waarby die Vereniging betrokke is.

6.4.6 AANSTELLING VAN KOMITEES

Die Uitvoerende Komitee het die mag om, vanuit die lede van die Vereniging, spesiale komitees aan stel en om hulle opdragte te spesifiseer om die Uitvoerende Komitee by te staan in die uitvoering van hulle pligte.

6.4.7 VERTEENWOORDIGING OP ANDER VERENIGINGS

6.4.7.1 Die Voorsitter of ‘n ander genomineerde komiteelid wat deur die Uitvoerende Komitee aangewys word, sal die Vereniging op die Raad van die Saalperdgenootskap verteenwoordig.

6.4.7.2 ‘n Lid van die Vereniging, wat deur die Uitvoerende Komitee aangewys word, sal die Vereniging op die Uitvoerende Komitee van die Skouperd Beamptes Vereniging verteenwoordig.

6.4.8 DISSIPLINE

6.4.8.1 Sou ’n klagte teen ’n lid van die Vereniging by die Uitvoerende Komitee aanhangig gemaak word, of indien dit tot die aandag van die Uitvoerende komitee kom, dat ’n lid die bepalings van die Grondwet en enige reëls of regulasies van die Vereniging oortree het, of dat die lid hom/haar moontlik aan wangedrag, of enige ander optrede wat tot die nadeel van die belange of die beeld van die Vereniging strek, skuldig gemaak het, sal dissiplinêre stappe ingestel kan word ooreenkomstig die Dissiplinêre kode wat hierby aangeheg word as Aanhangsel A.

6.4.8.2 ‘n Lid mag ook aangekla word onder die grondwet en dissplinêre kode van die genootskap waaraan hy behoort.

6.4.9 REËLS EN REGULASIES

Die Algemene Jaarvergadering mag reëls en regulasies aanneem, welke reëls en regulasies nie strydig met die Grondwet is nie, met die doel om die bestuur van die Vereniging te verbeter en/of om die doelstellings van die Vereniging te bevorder Die Uitvoerende Komitee moet hierdie reëls en regulasies toepas en toesien dat dit toegepas word.

6.4.10 HEFFINGS

Die Uitvoerende Komitee kan aan ’n Algemene Jaarvergadering voorstel dat ’n spesiale heffing vir ’n bepaalde doel ingestel word.

## 7 ALGEMENE JAARVERGADERING

### 7.1 BYEENROEPING

Die Uitvoerende Komitee moet ten minste een-en-twintig (21) dae voor die datum van die Algemene Jaarvergadering vir elke lid skriftelik kennis gee van die datum, tyd en plek van die vergadering. Skriftelike kennisgewing mag elektronies gedoen word.

### 7.2 AGENDA

Die Agenda moet ten minste 14 (veertien) kalenderdae voor die vergadering aan lede gestuur word en sal ten minste die volgende items bevat: Oorweging van die Notule van die vorige Algemene Jaarvergadering en sake voortspruitend uit die Notule.

7.2.1 Oorweging van die finansiële state van die finansiële jaar wat op 31 Mei ten einde geloop het.

7.2.2 Oorweging van sake wat deur die Uitvoerende Komitee verwys is.

7.2.3 Oorweging van sake wat kragtens klousule 3.2.3 deur lede verwys is.

7.2.4 Oorweging van ledegelde ooreenkomstig klousule 3.4.1

7.2.5 Oorweging van vereistes vir klassifisering van beoordelaars ooreenkomstig klousule 4.1 en 4.2.

7.2.6 Wysiging van die Grondwet indien ’n voorstel vir wysiging kragtens klousule 10.1 ontvang is.

7.2.7 Verkiesing van ampsdraers.

### 7.3 KWORUM

’n Kworum vir ’n Algemene Jaarvergadering is **agt lede**. Indien daar vyftien minute na die vasgestelde tyd nie ’n kworum teenwoordig is nie, moet die vergadering verdaag en moet afstaan vir ‘n minimum periode van twee ure en herskeduleer word vir ‘n tyd en  plek soosbepaal deur die lede wat teenwoordig is. Alle lede sal minstens een uur voor so uitgestelde vergadering op enige praktiese elektroniese of telefoniese wyse kennis kry van die nuwe tyd en plek vir die vergadering. Die lede wat teenwoordig is by sodanige uitgestelde vergadering, sal ’nkworum uitmaak.

### 7.4 STEMMING

7.4.1 Geen stemming mag gehou word oor enige voorstel aangaande ’n aangeleentheid wat nie op die agenda verskyn nie. Sou die meerderheid lede van die vergadering egter besluit om `n saak te bespreek, mag die voorsitter dit toelaat.

7.4.2 Slegs voorstelle wat gesekondeer is, mag deur die vergadering oorweeg word.

7.4.3 Stemming vir sake waarvoor nie ‘n spesifieke ander reëling gemaak word in hierdie Grondwet nie, sal normaalweg geskied by wyse van die opsteek van hande. Dit moet egter geskied by wyse van stembrief indien daar ‘n voorsteller en sekondant is daarvoor.

7.4.4 Die vergadering mag, indien die meerderheid stemgeregtigde lede so besluit, ’n stemopnemer of stemopnemers aanwys om die stemme te tel.

7.4.5 In die geval van ’n staking van stemme, sal die Voorsitter ’n tweede en beslissende stem hê.

7.4.6 Die bepalings van klousule 7.4 is nie op klousule 7.5 van toepassing nie.

7.5 VERKIESING VAN AMPSDRAERS

7.5.1 Die Voorsitter sal, wanneer die agenda item oor die verkiesing van ampsdraers onder oorweging kom, nominasies vir die onderskeie ampte aanvra.

7.5.2 Nominasies moet **skriftelik** aan die Voorsitter oorhandig word.

7.5.3 Die verkiesing sal by wyse van **stembrief** beslis word.

7.5.4 Die vergadering mag, indien die meerderheid stemgeregtigde lede so besluit, ’n stemopnemer of stemopnemers aanwys om die stemme te tel.

7.5.5 Indien daar ’n staking van stemme oor enige van die ampte (uitsluitend die Voorsitter) is, sal die uittredende Voorsitter ’n tweede en beslissende stem hê. Indien die dienende Voorsitter nie uittree nie en daar is ‘n staking van stemme betreffende die Voorsitterskap, sal die voorsitterskap roteer soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee.

7.6 NOTULES

Die Voorsitter moet toesien dat notules van Algemene Jaarvergaderings bygehou word. Notules hoef nie verbatim gehou te word nie, maar moet die besluite wat geneem is, bevat. Die notules moet so gou doenlik na afloop van die vergadering, en nadat dit deur die Uitvoerende Komitee vir korrektheid oorweeg is, na lede versend word.

## 8 SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

8.1 Die Uitvoerende Komitee mag Spesiale Algemene Vergaderings van lede byeenroep.

8.2 Indien agt lede ’n skriftelike versoek aan die Uitvoerende Komitee rig om ’n Spesiale Algemene Vergadering van lede byeen te roep, moet die Uitvoerende Komitee dit doen en indien die Uitvoerende Komitee versuim om dit te doen, kan die lede wat die versoek gerighet, self so ’n vergadering byeenroep, met dien verstande dat die datum, tyd en plek van die vergadering,

asook die rede waarom die vergadering byeen geroep word, ten minste een-en- twintig (21) dae voor die vergadering skriftelik aan elke lid van die Vereniging gegee word.

## 9 FINANSIES

### 9.1 FINANSIËLE JAAR

Die finansiële jaar van die Vereniging strek vanaf 1 Junie tot 31 Mei.

### 9.2 FINANSIËLE STATE

9.2.1 Die Sekretaris/esse moet toesien dat die finansiële state onmiddellik na 31 Mei voorberei word en deur gekwalifiseerde ouditeurs nagegaan word.

9.2.2 Die Sekretaris/esse moet, nadat die state van die ouditeurs terugontvang is, dit aan die Uitvoerende Komitee voorlê.

### 9.3 INKOMSTE

Alle gelde wat deur en namens die Vereniging ontvang word, moet, so spoedig moontlik na ontvangs, in die Vereniging se bankrekening inbetaal word.

### 9.4 UITGAWE

9.4.1 Uitgawes mag slegs aangegaan word om die lopende uitgawes van die Vereniging en die Uitvoerende Komitee in die uitvoering van hulle pligte, te dek.

9.4.2 Met die spesifieke goedkeuring van die Uitvoerende Komitee mag persone wat ’n diens aan die Vereniging lewer, daarvoor vergoed word.

9.4.3 Magtiging vir elektroniese betalings word toegeken deur die Uitvoerende Komitee.

9.4.4 ’n Lys met die besonderhede van alle betalings wat tussen vergaderings van die Uitvoerende Komitee gemaak is, moet deur die Sekretaris/esse aan die eersvolgende vergadering van die Uitvoerende Komitee voorgelê word.

### 9.5 FONDSE EN EIENDOM VAN DIE VERENIGING

Die fondse en eiendom van die Vereniging mag slegs aangewend word vir die bereiking van die doelstellings van die Vereniging soos in die Grondwet en reëls en regulasies gespesifiseer word en mag nie aangewend word, direk of indirek, tot die voordeel van enige lid van die Vereniging nie.

## 10 WYSIGING VAN GRONDWET

Die Grondwet mag slegs deur ’n Algemene Jaarvergadering gewysig word met dien verstande:

10.1 Dat ’n skriftelike kennisgewing vir ’n wysiging die Sekretaris moet bereik 30 dae voor ‘n Algemene Jaarvergadering.

10.2 Dat die voorstel vir wysigings 21 dae voor die vergadering skriftelik aan lede beskikbaar gestel word.

10.3 Dat ten minste twee derdes van die lede teenwoordig en wat stemgeregtig is, ten gunste van die wysiging stem.

## 11 BEËINDIGING VAN DIE VERENIGING

Indien die Vereniging vir watter rede ook al ophou om te bestaan, en sou daar na die betaling van alle skuld, enige fondse of eiendom van watter aard ook al oorbly, sal dit nie aan die lede uitbetaal word nie, maar sal dit aan ’n soortgelyke vereniging of instansie met soortgelyke doelstellings, oorgedra word.

***GOEDGEKEUR: ALGEMENE JAARVERGADERING,***

***18 AUGUSTUS 2021 PER ZOOM.***